Bepalings en Voorwaardes

Blitz Studies is ‘n aanlyn platform en alle bepalings wat in die dokument gespesifiseer word, is van toepassing op hierdie platform. Vervolgens die spesiale voorwaardes met betrekking tot Blitz Studies:

Afleweringsbeleid
Onderhewig aan beskikbaarheid en ontvangs van betaling, sal die koper toegang verkry tot die aanlyn platform en/of inhoud.

Terugbetalingsbeleid
Alle produkte op Blitz Studies is digitaal en dus sal geen terugbetalings toegelaat word nie.
Alle subskripsies word vooruitbetaal.

Privaatheidsbeleid van kliënte
Blitz Studies sal alle redelike stappe neem om die persoonlike inligting van gebruikers te beskerm.
“Persoonlike inligting” is omskryf soos gestipuleer is in die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000.

Kopiereg
Die kopiereg en alle ander immateriële goedereregte van enige Blitz Studies-kuberruimte, insluitend die uitleg, ontwerp, kentekens, grafika en multimedia-werke wat daarop verskyn, behoort aan Blitz Studies tensy sodanige regte uitdruklik deur die outeur voorbehou is alvorens dit op die webblad gepubliseer is.
Die gebruiker mag Beeldmateriaal, Breinkaarte en Blitztoetse besigtig, en Peek-a-boo studieblaaie uitdruk, mits

- dit vir persoonlike gebruik is en nie vir enige kommersiële doel aangewend word nie;
- die gebruiker op alle kopieë 'n weergawe van Blitz Studies kopiereg-kennisgewing vertoon;
- die gebruiker nie die werke op sodanige wyse verander tot nadeel van Blitz Studies nie.

Sonder om afbreuk te doen aan die bepalings vervat in die eerste paragraaf onder afdeling Kopiereg hierbo, bevestig Blitz Studies dat die kopiereg in bydraes, artikels en ander literêre werke wat deur die gebruiker geskep is en aan Blitz Studies gestuur word, aan die gebruiker behoort. Sodra die gebruiker enige artikels, bydraes of ander literêre werke op ‘n Blitz Studies-webblad, gee die gebruiker daarmee saam ook vir Blitz Studies 'n oordraagbare,

ewigdurende, wêreldwye en tantième-vrye lisensie om die werke vir plasing op die onderskeie Blitz Studies-kuberruimte te gebruik.
Indien die intellektuele eiendom van materiaal wat deur 'n gebruiker aangebied word vir plasing op ‘n Blitz Studies-webwerf aan 'n derde party behoort, onderneem die gebruiker om die Blitz Studies daarvan in kennis te stel en vrywaar die gebruiker Blitz Studies teen enige eis wat die eienaar van daardie intellektuele eiendomsregte teen Blitz Studies kan instel.
Die handelsmerke en kentekens van Blitz Studies of verwante dienste op enige Blitz Studies-kuberruimte is die geregistreerde, en waar toepaslik, die nie-geregistreerde, handelsmerke van Blitz Studies of verwante dienste. Niks op die webwerf mag so geïnterpreteer word om te beteken dat die gebruiker 'n lisensie of die reg verkry om enige handelsmerk sonder Blitz Studies se toestemming te gebruik nie.

Betaling
Betalings sal geskied deur middel van PayFast en soos per die koopprys wat op die webtuiste vir die dokument/diens geadverteer is. Betalings sal geskied op die eerste dag van elke maand.

Verkope van hulpbronne
Die dokument mag net deur die skepper of eienaar daarvan opgelaai, geadverteer en verkoop word. Die persoon wat ‘n dokument en/of ‘n foto/prent van ‘n dokument oplaai, verstaan dat hy of sy die indruk skep dat hy of sy die eienaar en skepper daarvan is. Hy of sy verstaan dat sekere gevolge met hierdie indruk kan saamgaan, insluitend dat ander persone aanneem dat hy of sy kopiereg oor die dokument en/of foto/prent het. As iemand ‘n dokument koop en daarna oplaai asof hulle die skepper of eienaar daarvan is, sal hulle van hierdie webtuiste verban word en strafregtelik vervolg word. Vervolging en die instel van enige eise vir ‘n oortreding hieromtrent sal deur die verkoper/skepper/eienaar, self, geskied en nie deur die webtuiste nie. Elke verbruiker van hierdie webtuiste, koper of verkoper, sal die kopiereg op elke dokument respekteer.
‘n Koper van enige dokument vanaf hierdie webtuiste mag die dokument ook op geen ander manier namaak of verkoop nie. Hierdie regte is slegs vir die verkoper/skepper/eienaar beskore. Enige skepper of eienaar van ‘n dokument mag die dokument enige tyd van hierdie webtuiste verwyder, waarna dit nie meer beskikbaar sal wees om gekoop te word nie. Die koopprys van elke dokument wat deur middel van hierdie webtuiste te koop is, is gebaseer op die verkoper/skepper/eienaar se diskresie en is nie onderhandelbaar nie. Alle gewone regsprosesse, siviel en strafregtelik, sal vir transaksie vanaf hierdie webtuiste geld en mag deur die administrateur van die webtuiste en/of die verbruikers (kopers of verkopers) gebruik word.

Land en transaksie valuta
Die land ten tyde van die aanbied van betalingsopsies is Suid-Afrika. Transaksie valuta is Suid-Afrikaanse Rand (ZAR).

Algemeen
Blitz Studies mag die bepalings en voorwaardes van Blitz Studies te enige tyd wysig. Deur die webblad te besigtig, verbind die gebruiker hom-/haarself tot die jongste weergawe van die bepalings en voorwaardes.
Die gebruiker besef dat dit sy/haar plig is om vertroud te wees met die jongste weergawe van Blitz Studies se bepalings en voorwaardes. Geen ander bepaling of voorwaarde vir die gebruik van die Blitz Studies-kuberruimtes behalwe die jongste weergawe sal as bindend beskou word nie en die gebruiker verbind hom/haarself onherroeplik hiertoe.
Indien 'n dispuut oor die inhoud van die jongste gebruiksvoorwaardes sou ontstaan, sal die besluit van Blitz Studies in die verband finaal wees.

Hierdie bepalings en voorwaardes geld vir alle inligting en gebruik van teks en funksionaliteit op sosialemediaplatforms, nuusbriewe, kennisgewings, inligtings- en bemarkingse-posse. asook webwerwe wat deur Blitz Studies beskikbaar gestel is.
Alle materiaal en platforms is onafhanklik saamgestel en gepubliseer deur blitzstudies.co.za
Die algemene webwerf blitzstudies.co.za is spesifiek saamgestel met die doel om inligting te lewer aan Blitz Studies kliënte.

Ledegeld word gehef op dienste wat aan kliënte van Blitz Studies gelewer word teen 'n maandelikse tarief soos ooreengekom met inskrywing.

Blitz Studies is ‘n leerbestuurstelsel vir leerders en tuisskoolleerders (en ouers) wat leermateriaal bied in die vorm van opsommings (peek-a-boo) breinkaarte, beeldmateriaal, blitztoetse en ander relevante materiaal.

Webwerwe mag gespreksfunksies insluit soos by die sosialemediaspasies van Blitz Studies, onder andere Facebook, Twitter, Instagram, Tiktok en Pinterest.
Gesprekke kan ook deur enige gesprekskanaal van Blitz Studies plaasvind, soos WhatsApp-groepe, videokonferensies en webinare wat deur Blitz Studies gereël is. Gesamentlik verwys hierdie dokument na al hierdie ruimtes as Blitz Studies-kuberruimtes.

Waardes

Gesprekvoering op die Blitz Studies-kuberruimtes geskied in 'n bepaalde konteks van voorkeure wat ook deur al Blitz Studies se inhoud weerspieël word.

Christelike waarderaamwerk:
Gesprekvoering vind binne 'n Christelike raamwerk plaas en die styl en inhoud van gesprekvoering sal daardeur beïnvloed word.

Individuele vryheid:
Elke mens is in die eerste plek vir hom- of haarself verantwoordelik en behoort vry van dwang te wees om sy/haar roeping na te streef.

Vrye gemeenskapsvorming:
Alle mense behoort hulself in gemeenskapsverband te kan uitleef – die hoekstene van die beskawing en 'n sinvolle lewe.

Respek aan die gesag van die tradisie:
Die bewyslas vir die verwerping van 'n gebruik of tradisie rus op die verwerper.

Aanslag:
Enige kommunikasie, maar spesifiek artikels handhaaf 'n beskaafde toon. Lesers kan die artikels uitdagend, maar tog nie uittartend vind nie.

Beperkte aanspreeklikheid en vrywaring:
Die gebruiker gebruik alle inhoud van enige kommunikasie wat op enige platform geplaas word, op eie risiko.

Deur die gebruik van blitzstudies.co.za asook die nuusbrief- en ander inskrywings, gee die gebruiker aan die Blitz Studies-webwerwe toestemming om hom/haar te kontak op enige van die kontakbesonderhede wat tydens inskrywing aangegee is.

Blitz Studies streef na die plasing van oorspronklike materiaal en na die oop, billike en onbeperkte uitruil van idees en menings.
Die menings en kommentaar van gebruikers op die Blitz Studies-webwerwe en sosialemediaspasies is dus hul eie en weerspieël nie noodwendig die mening van die redaksie en bestuur van Blitz Studies nie.

Blitz Studies bied geen waarborge met betrekking tot 'n Blitz Studies-kuberruimte of die inhoud daarvan nie.

Blitz Studies waarborg nie die waarheid of korrektheid van enige inligting wat in enige kommunikasie van Blitz Studies of op enige Blitz Studies -kuberruimte verskyn nie. Alhoewel Blitz Studies alles in sy vermoë doen om die kwaliteit en akkuraatheid van die dienste en inligting te verseker, is dit die gebruiker se verantwoordelikheid om die waarheid of korrektheid daarvan na te gaan.

Blitz Studies is nie aanspreeklik vir enige verlies, uitgawe of skade van welke aard ook al wat die gebruiker mag ly of aangaan as gevolg van sy/haar toegang tot of gebruik van enige inligting vervat op 'n Blitz Studies-kuberruimte nie, insluitend, sonder beperking, enige verlies, uitgawe of skade wat tot stand gekom het as gevolg van een van die volgende:

- foutiewe inligting vervat op die webblad of enige kommunikasie wat van Blitz Studies of verwante dienste ontvang word nie;
- ongemagtigde toegang tot of wysiging van blaaie op Blitz Studies -kuberruimtes deur 'n derde party;
- die onbeskikbaarheid van enige Blitz Studies-kuberruimte;
- die vernietiging van die gebruiker se data of rekenaartoerusting, of die data of rekenaartoerusting van 'n derde party wat die gebruiker gebruik het om toegang tot die Blitz Studies -kuberruimtes te verkry;
- Skakeling of handeldrywing met of gebruik van dienste van 'n onafhanklike diensverskaffer of adverteerder op enige van die Blitz Studies-webwerwe of deur enige kommunikasie wat vanaf Blitz Studies ontvang is.

Die gebruiker vrywaar Blitz Studies teen enige aanmaning, eis of regsaksie wat teen Blitz Studies en/of die instellings van Blitz Studies ingestel word wat direk of indirek voortvloei uit die gebruiker se gebruik van, deelname tot, of toegang tot enige Blitz Studies-kuberruimte.

Blitz Studies behou die reg voor om enige Blitz Studies-kuberruimte en/of die inhoud daarvan op sy eie diskresie en te enige tyd te verander, op te gradeer of op te skort.

Die gebruiker is self verantwoordelik vir enige inhoud wat die gebruiker aan Blitz Studies stuur, op Blitz Studies-webwerwe of enige Blitz Studies-kuberruimte te laai of deur middel van Blitz Studies aan 'n derde party aanstuur.

Blitz Studies sal nie verantwoordelik gehou word vir die verlies van enige inhoud wat die gebruiker op ‘n Blitz Studies-kuberruimte laai of daardeur aangestuur is nie en dit is die gebruiker se eie verantwoordelikheid om self 'n reserwe kopie te maak.

Sonder om afbreuk te doen aan die algemene strekking van die voorafgaande, erken en aanvaar die gebruiker dat wanneer hy/sy enige publikasie, kommentaar, inligting of enige ander bydrae op die een van die Blitz Studies-webwerwe of sosialemediaspasies plaas, dit as gevolg van laster tot moontlike benadeling kan lei deur ander gebruikers van die onderskeie platforms.
Sonder om afbreuk aan die voorafgaande te doen, vrywaar die gebruiker die Blitz Studies voorts teen enige lastereis wat die gebruiker moontlik teen 'n ander gebruiker van Blitz Studies-webwerwe of enige ander onderskeie Blitz Studies -kuberruimte kan instel of wat deur sulke ander gebruikers teen hom/haar ingestel kan word.

Privaatheid

Die gebruiker gee toestemming dat Blitz Studies sy/haar persoonlike inligting mag insamel wat die gebruiker aan Blitz Studies bekend maak deur die gebruik van ‘n Blitz Studies-webwerf of deur die voltooiing van enige Blitz Studies-vorm hetsy fisies of elektronies.
Blitz Studies kan sodanige persoonlike inligting gebruik vir doeleindes van bemarking, asook om die funksionaliteit van die betrokke Blitz Studies-kuberruimte te verbeter.
Blitz Studies sal slegs die gebruiker se persoonlike inligting met derde partye deel wat gekeur is. Hierdie is derde partye wat duidelik op die webwerf aangedui is op die spesifieke Blitz Studies-webwerf waar die gebruiker sy/haar inligting deel.
Blitz Studies sal nie die gebruiker se inligting met enige ander party, wat nie 'n vennoot van Blitz Studies is nie, deel sonder om vooraf die gebruiker se toestemming te verkry nie, tensy Blitz Studies ingevolge die heersende reg verplig is om dit te doen, indien dit nodig is om die webblad te bedryf of as dit in openbare belang is om die inligting vry te stel.
Die gebruiker gee by aanvaarding van hierdie bepalings en voorwaardes toestemming dat hy/sy gekontak kan word om produkte en dienste bekend te stel en hulle persoonlike inligting vir statistiese, historiese en navorsingsdoeleindes gebruik mag word.

Koekies (cookies):
'n Koekie, ook bekend as 'n HTTP-koekie, webkoekie, of blaaierkoekie, is 'n klein hoeveelheid data wat van 'n webwerf af gestuur word en in die gebruiker se webblaaier gestoor word terwyl die gebruiker die webwerf gebruik.
Elke keer as die gebruiker ‘n Blitz Studies-webwerf besoek, stuur die blaaier die koekie na die bediener terug om die webwerf van die gebruiker se vorige aktiwiteit te verwittig.
Koekies is 'n betroubare instrument by die ontwerp van webwerwe om inligting op 'n staat (soos items in 'n e-inkopiewaentjie) te onthou of

om die gebruiker se blaai-aktiwiteite (insluitend klikke op spesifieke knoppies, intekening, of die bladsye wat maande of jare gelede deur die gebruiker besoek is) vas te lê. Die Blitz Studies-webwerwe gebruik sulke koekies.
Die gebruiker aanvaar die gebruik van koekies..
Die dokumente wat deur die volgende skakels bereik kan word, is ‘n verdere uiteensetting van Blitz Studies se beleid oor privaatheid en is integraal deel van hierdie bepalings en voorwaardes:

- Die Privaatheidsbeleid vir Blitz Studies-webwerwe
- Die Beleid vir die Beskerming van Kinders se Privaatheid

Met die aanvaarding van hierdie bepalings en voorwaardes verklaar die gebruiker dat hy/sy bewus daarvan is dat toestemming vir bogenoemde privaatheidsbepalings enige tyd terugtrek kan word deur 'n epos te stuur na admin@blitzstudies.co.za.
Blitz Studies onderneem om die prosessering van die persoonlike inligting binne ‘n tydperk van 30 dae nadat die aansoek ontvang is, sodanig aan te pas.
Gebruikers het die reg om hulle persoonlike data aan te vra wat deur Blitz Studies gehou word. Sodanige navrae kan deur admin@blitzstudies.co.za aan Blitz Studies gerig word.

Inhoudsbestuur

Blitz Studies maak van tyd tot tyd gebruik van die praktyk van samevoeging (“aggregation”) van inhoud deur inligting wat van ander bronne versamel is, te herpubliseer.
Saamgevoegde inhoud word altyd deur outeurs van Blitz Studies herskryf.
Waar moontlik, word nuwe inligting bygewerk.
Die diskresie om te besluit watter inhoud op enige Blitz Studies-kuberruimte geplaas word, berus uitsluitlik by Blitz Studies .

Skakels na derde partye

Inhoud op Blitz Studies-kuberruimtes mag skakels na ander webwerwe met inligting en ander materiaal bevat wat deur derde partye geskep is. Ofskoon Blitz Studies die skakels met sorg uitkies, kan Blitz Studies geen aanspreeklikheid aanvaar vir die inhoud van sodanige webwerwe nie.
'n Skakel op enige van Blitz Studies-webwerwe na 'n ander webwerf beteken nie dat Blitz Studies die inhoud van daardie webwerf nagegaan het nie en dit beteken ook nie dat Blitz Studies daardie inhoud goedkeur nie.

Deelname deur gebruikers

Enige gebruiker is welkom om kommentaar te lewer en deel te neem aan ‘n gesprek op ‘n Blitz Studies-kuberruimte, welke kommentaar egter vry moet wees van rassisme, seksisme, homofobie, onvanpaste persoonlike opmerkings, ander vorms van haatspraak of kru, kras en vuil taal.

Gebruikers wat kommentaar kan lewer, word gekoppel aan 'n elektroniese profiel.

Gebruikers mag slegs een profiel op blitzstudies.co.za of enige ander Blitz Studies-kuberruimte wat ‘n kommentaarfunksie bied, bedryf.

Gebruikers se kommentaar word outomaties en onveranderd gelaat op die onderskeie Blitz Studies-kuberruimte soos wat dit gelewer word.

Kommentaar moet pas by die beskaafde toon en waardestelsel van Blitz Studies.

Die doelbewuste ontwrigting van gesprekke, onder meer deur irrelevante, uitlokkende stellings (“trolling” of “flaming”) word nie toegelaat nie.

Agtervolging van mede-kommentators (“stalking”) deur voortdurend op hul kommentaar te fokus en in die weg te staan van sinvolle reaksie op daardie kommentators, word nie toegelaat nie.

Herhaaldelike plasing van dieselfde inhoud in verskillende kommentaarstukke of die plasing van irrelevante inligting of skakels na irrelevante webadresse, word nie toegelaat nie.

Rassistiese en seksistiese kommentaar, of kommentaar wat andersins aanstootlik of diskriminerend van aard is, word nie toegelaat nie.

Ander lesers, gebruikers en kommentators mag nie persoonlik aangeval en/of verneder word nie.

Kommentaar moet relevant wees tot die artikel waarop kommentaar gelewer word.

Kommentaar wat geweld aanwakker, haatspraak verteenwoordig, kru of vuil taalgebruik insluit, of lasterlik of Godslasterlik van aard is, sal nie geduld word nie.

Die suksesvolle plasing van kommentaar mag onderhewig wees aan 'n outomatiese siftingsproses gebaseer op 'n vooraf vasgestelde lys ongewenste en onaanvaarbare woorde en frases.

Skakeling, handeldrywing of prysvasstelling met, of gebruik van dienste van 'n onafhanklike diensverskaffer of adverteerder op ‘n Blitz Studies-kuberruimte bly die uitsluitlike verantwoordelikheid van die gebruiker.

Blitz Studies sal nie as middelman of agent van enige gebruiker van enige van sy webwerwe, sy ander Blitz Studies-kuberruimtes of onafhanklike diensverskaffer of adverteerder optree nie.

Deur Blitz Studies -webwerwe of enige gedeelte daarvan, ingesluit maar nie beperk tot portale, Blitz Studies se sosialemediaspasies en die blogs nie, of die Blitz Studies -nuusbrief (gesamentlik die Blitz

Studies - kuberruimtes) te gebruik, verbind die gebruiker hom-/haarself aan die gebruiksvoorwaardes soos uiteengesit. Die gebruiksvoorwaardes tree in werking op die tydstip wanneer die gebruiker die Blitz Studies-kuberruimte vir die eerste keer gebruik en vorm 'n ewigdurende ooreenkoms tussen die gebruiker en Blitz Studies .
Indien gebruikers hulself nie wil laat bind deur die bepalings en voorwaardes, soos hierin uiteengesit is nie, moet hulle hulself daarvan weerhou om Blitz Studies-kuberruimte te besoek, te gebruik en/of om bydraes te lewer.
Blitz Studies hou die reg voor om sonder verdere kennisgewing enige kommentaar wat ons insiens nie onderhewig is aan die bepalings van hierdie beleid nie, eensydig te verwyder.
Die gebruiker hoef nie in kennis gestel te word indien sy/haar kommentaar verwyder word nie, en redes vir die verwydering hoef nie deur Blitz Studies verskaf te word nie.

Klagtes

Klagtes oor inhoud en kommentaar:
Indien enige gebruiker 'n klagte/grief oor 'n ander gebruiker se kommentaar en/of profiel indien, sal dit deur Blitz Studies ondersoek word.
Die voorkeurmeganisme vir kommentaar- en profielbeheer is die oordeel van ander gebruikers wat onvanpaste kommentaar en/of profiele aanmeld met behulp van die ingeboude klagtemeganisme of per e-pos.
Kommentaar waaroor 'n sekere aantal klagtes ontvang is, soos van tyd tot tyd deur die redaksie bepaal, word normaalweg verwyder.
Kommentaar waaroor deeglik gemotiveerde klagtes ontvang word, selfs in die afwesigheid van klagtes van ander gebruikers, word na meriete beoordeel.
Met die aanvaarding van hierdie bepalings en voorwaardes aanvaar die gebruikers dat hul kommentare en/of profiele gewysig of verwyder mag word indien dit nie aan hierdie bepalings en voorwaardes voldoen nie.
Indien 'n gebruiker hom-/haarself herhaaldelik skuldig maak aan die oortreding van hierdie bepalings en voorwaardes, kan hy/sy ingevolge die voorwaardes hierbo, permanent geblokkeer word om weer op die onderskeie Blitz Studies-webwerf kommentaar te lewer of om 'n profiel te skep.

Klagtes oor privaatheid of misbruik van persoonlike data:
Indien die gebruiker voel dat Blitz Studies sy/haar data misbruik het of daarmee buite die wet opgetree het, moet hy/sy dit eers met Blitz Studies opneem voordat regstappe gedoen of klagtes aan die reguleerder gestuur word. Blitz Studies sal alles binne sy vermoë doen

om die klagte aan te spreek en onderneem dat indien dit nie opgelos word nie, nie in te meng by sodanige aanmeldings- en regsprosesse nie.

Klagtekanale:
Die ingeboude funksionaliteit waarmee klagtes aan Blitz Studies gerig kan word, hang af van die onderskeie Blitz Studies-webwerf. ‘n E-pos kan gestuur word aan admin@blitzstudies.co.za.

Nuusbriefvrywaring

Hierdie vrywaring bepaal die gebruik van die Blitzstudies nuusbrief. Deur hierdie nuusbrief te gebruik, aanvaar u hierdie vrywaring volledig.

Die nuusbrief bevat hoofsaaklik opvoedingsverwante inligting:
U moet nie op die inligting in die nuusbrief staatmaak as 'n alternatief vir regs-, finansiële of rekeningkundige raad van 'n toepaslik gekwalifiseerde professionele persoon nie.

Geen vertoë of waarborge nie:
Tot die maksimum mate wat deur toepaslike wetgewing toegelaat word sluit ons alle voorstellings, waarborge, ondernemings in verband met die nuusbrief uit.
Sonder afbreuk aan die algemeenheid van die voorafgaande paragraaf, verteenwoordig, waarborg, onderneem of waarborg ons nie:
dat die inligting in die nuusbrief van tyd tot tyd korrek, akkuraat, volledig of nie-misleidend is nie (alhoewel Blitz Studies alles in hul vermoë sal doen om dit te verhoed); of
dat die gebruik van enige inligting in die nuusbrief wat as leiding of raad geag word tot 'n bepaalde uitkoms of uitslag sal lei nie.

Beperkings en uitsluitings van aanspreeklikheid:
Die beperkings en uitsluitings van aanspreeklikheid wat in hierdie afdeling en elders in hierdie vrywaring uiteengesit word, is onderworpe aan die uitsonderings gelys en bestuur alle aanspreeklikhede wat voortspruit uit die vrywaring of met betrekking tot die nuusbrief, insluitende aanspreeklikhede wat volgens 'n kontrak ontstaan, onregmatige dade (insluitende nalatigheid), of die oortreding van statutêre pligte.
Ons kan/sal nie teenoor u aanspreeklik wees ten opsigte van enige verliese wat voortspruit uit enige gebeurtenis of gebeurtenisse buite ons redelike beheer nie.
Ons kan/sal nie teenoor u aanspreeklik wees ten opsigte van enige besigheidsverliese nie, insluitende sonder beperking verlies of

skade aan winste, inkomste, gebruik, produksie, verwagte spaargeld, besigheid, kontrakte, kommersiële geleenthede of welwillendheid. Ons is nie teenoor u aanspreeklik ten opsigte van enige verlies of korrupte data, databasis of sagteware nie. Ons is nie aanspreeklik teenoor u ten opsigte van enige spesiale, indirekte of gevolglike verlies of skade nie.

Uitsonderings:
Niks in hierdie vrywaring sal ons aanspreeklikheid:

- vir dood of persoonlike besering as gevolg van nalatigheid beperk of uitsluit nie;
- ons aanspreeklikheid vir bedrog of bedrieglike wanvoorstelling beperk of uitsluit nie;
- beperk op enige manier wat nie onder toepaslike wetgewing toegelaat word nie; of
- wat nie onder die toepaslike wetgewing uitgesluit mag word nie.

Skeiding:
As 'n gedeelte van hierdie vrywaring bepaal word deur enige hof of ander bevoegde owerheid om onwettig en/of onafdwingbaar te wees, bly die ander afdelings van hierdie vrystelling in werking.
As 'n onwettige en/of onafdwingbare afdeling wettig of afdwingbaar sou wees indien 'n gedeelte daarvan verwyder is, sal daardie gedeelte geag word verwyder te wees en die res van die vrywaring sal in werking wees.

Reg en jurisdiksie:
Hierdie vrywaring sal onderhewig wees aan en vertolk word in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse reg, en enige dispute wat verband hou met hierdie vrywaring sal onderworpe wees aan die eksklusiewe jurisdiksie van die howe van Suid-Afrika.

Ons besonderhede:
In hierdie vrywaring beteken "ons" (en "ons" en "ons" na) Blitz Studies (PTY LTD) wat in Suid-Afrika geregistreer is onder registrasienommer 2021/506590/07.

E-posadres:
info@blitzstudies.co.za
admin@blitzstudies.co.za
student@blitzstudies.co.za

Met inskrywing word alle Bepalings en Voorwaardes soos in hierdie dokument uiteengesit aanvaar.